

Sing vooraf staande: Psalm 144:1 (p. 691)

- 1 Geloofd sy God wat my in wank'le tyd / 'n rotssteen is, my aangord tot die stryd;
wat tot die kryg my hande toeberei, / so goed is en 'n vestingwerk vir my;
wat my die skans tot redding wil verstrek, / by wie ek skuil, daar my sy skild oordek;
wat in die stryd my altyd trou bewaak / en nou my volk aan my gehoorsaam maak.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 68:1, 9 (p. 330)

- 1 Die HEER sal opstaan tot die stryd; / Hy sal sy haters, ver en wyd, / laat wegvlug voor sy oë.
Hoe hoog die mens se trots mag gaan, / hy sal geen oomblik kan bestaan / voor God se alvermoë.
As U, o HEER, in mag verskyn, / sal hul soos rook en damp verdwyn, / deur stormwind voortgedrewe.
Soos was wat smelt voor hitte en vuur, / het almal voor Gods glans geen duur / wat goddelooslik lewe.
- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewo.

Geloofsbelydenis Nicea

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes/nuwe lewe/versoening met Psalm 4:2 (p.):

Wet

Psalm 4:2 (p. 15) (Tweede melodie)

- 2 Weet dat die HEER vir Hom tevore / 'n gunst'ling afgesonder het,
en dat hy, deur God self verkore, / nooit op sy swerftog is verlore,
maar dat die HEER hom hoor en red. / Beef dan, o dienaars van die sonde,
oortree nie teen sy heil'ge wil. / Deursoek jul hart in die stille stonde,
as eensaamheid omsweef jul sponde, / verwag die HEER en wees net stil.

Gebed

- *Doksologie:*
 - *Aanbidding:*
 - *Skuldbelydenis:*
 - *Vergifnis:*
 - *Dank:*
 - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
 - *Algemene bede:*
 - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

Psalm 31:12 (p. 146)

- 12 HEER, in u hande is my tye; / ek steun in al my leed / op U alleen wat weet
die maat en einde van my lye. / Red my, o sielsverblyder, / van vyand en bestryder.

Skriflesing: Sagaria 1

Teks: Sagaria 1:11b

Daarop het hulle die Engel van die HERE, wat tussen die mirtebome gestaan het, toegesprek en gesê: Ons het die aarde deurkruis, en kyk, die ganse aarde is stil en rustig. (Sagaria 1:11 AFR1953)

Die inhoud van hierdie preek is dit: **Dit is verkeerd as dit stil en rustig is in die kerk.**

- Stilte in die kerk beteken dat die kerk gesterf het.
- Stilte in die kerk beteken dat die kerk bang is vir konflik, en nou sit die lidmate stil en laat die verkeerde dinge maar oor hulle spoel.

Die gedeelte wat ons gelees het, is die eerste van agt naggesigte wat Sagaria gesien het. Al agt die naggesigte het dieselfde tema: Dit handel oor die heil wat God beplan het vir sy volk. Al die gesigte preek genade en oordeel:

- Oordeel oor die mense wat God verwerp.
- Verlossing en genade oor die mense wat hulle bekeer.

In hierdie gesig sien Sagaria 'n ruiter op 'n bruin perd. Eintlik staan daar in die Hebreeus dat dit 'n **rooi** perd is. Agter die ruiter op die rooi perd, is daar nog 'n groep ruiters. Hierdie ruiters se perde het verskillende kleure: **bruin, vos en wit**.

- Ons lees dat die groep ruiters tussen die mirtebome in 'n laagte staan.
 - Mirtebome is lang bome wat immergroen is, en wat daarmee die ewige lewe simboliseer.
 - Soos dit hier staan, simboliseer dit die ingang van die hemel. Hierdie ruiters staan voor die Here.
 - Dit staan nie so hier in die Bybel nie, want hier staan dat hulle voor die **Engel van die Here** staan. *Ons weet dat dit die Ou-Testamentiese gestalte van Jesus Christus is.*
- Hierdie ruiters is boodskappers wat deur die Here gestuur is om die hele aarde te deurkruis.
- Hulle het nou teruggekom na die Engel van die Here toe, wat hulle uitgestuur het, om verslag te doen oor hulle bevindinge.
- Daarom staan hulle voor God self.

Sagaria sien al hierdie dinge, maar hy verstaan nie wat aan die gang is nie. Daarom vra hy vir iemand wat by hom is:

Toe sê ek: Wat beteken dit, my heer? En die engel wat met my gespreek het, antwoord my: Ek sal jou toon wat dit beteken. (Sagaria 1:9 AFR53)

Die engel antwoord Sagaria nie. Die man wat die leier van die ruiters is, antwoord hom. Hulle is 'n patrollie wat gestuur is om die hele aarde te deurkruis. Nou het hulle hier bymekaargekom om verslag te doen oor alles wat hulle gesien het.

Hulle opdrag was:

- Hulle moes gaan kyk hoe die volkere teenoor mekaar staan.
- Hulle moes gaan kyk of daar vrede of oorlog is.
- Hulle moes ook verslag doen oor die houding van die ander volke teenoor die volk van God, want die volk van die Here het maar 'n kort rukkie voor hierdie naggesig uit die Ballingskap uit teruggekeer.

Die verslag is teleurstellend.

- Die hele aarde is stil en rustig.
- Daar is geen beroerings nie.
- Daar is volkome rus op die hele aarde.

Hierdie ruiters moes woelinge gesien het.

- Die rooi kleur van die perd van die aanvoerder skep so 'n verwagting.
- Dan moes daar 'n oorwinning vir die volk van God gekom het – die wit perde van die ander ruiters preek dit.

Waarom is hierdie verslag dan teleurstellend?

- Ons sou in ons tyd gedink het dat dit 'n skitterende verslag is.
 - Ons hoor net van moord, ontvoerings en geweld.
 - Mens voel amper nêrens meer veilig nie.
- Ons sou oordeel dat hierdie verslag dus 'n baie goeie een sou wees.
- As die ruiters in ons tyd na die Here toe sou moes ry, sou hulle net kon vertel van haat en onverdraagsaamheid en bomme en verkrachtings.

U moet egter net nie die fout maak om te dink dat die stilte waarvan ons teksvers praat, 'n begeerlike stilte is nie.

- Dit was 'n stilte wat benoudheid om jou hart gespan het, want dit was die stilte van die dood – die dood in God se kerk.

U sal die verslag net goed kan verstaan as u kyk na die agtergrond van hierdie naggesig. Om dit te kan doen, moet ons na die inhoud van meer profete se prediking gaan kyk.

- Die profeet Haggai het saam met Sagaria geprofeteer.
 - Net 'n paar maande voor hierdie naggesig van Sagaria, het Haggai geprofeteer dat die Jode nie moet moedeloos word omdat hulle so sukkel nie.
 - Dinge het vir die Jode maar moeilik gegaan: Hulle was pas terug uit Ballingskap en niks wou vir hulle vlot nie.
 - Hulle moes net moed hou, want die Here sou weer glorie aan hulle gee.

Want so sê die HERE van die leërskaare: 'n Rukkie nog, 'n kort tydjie, dan sal Ek die hemel en die aarde en die see en die droë grond laat bewe. Ek sal ook al die nasies laat bewe, sodat die skatte van al die nasies sal toevloei; en Ek sal hierdie huis met heerlijkheid vervul, sê die HERE van die leërskaare. (Haggai 2:6-7 AFR53)

Die Here sal alles in beweging bring, en Hy sal vir hulle 'n nuwe heilstyd begin.

- Haggai het geprofeteer dat die volk van God weer hulle skatte in Jerusalem sal indra vir die nuwe tempel wat hulle moet bou.
- Hy het verder ook nog geprofeteer dat die Here die mag van die groot koninkryke sal verbreek, en hulle perde en waens sal omkeer.

Nou sal u verstaan dat daar geweldige perspektiewe vir die volk van God in die vooruitsig gestel is:

- Die wêreld sou in beweging kom om die eer van God te herstel.
- Dit is die agtergrond waarteen u nou moet luister na die verslag wat die ruiters aan die Here doen.

Die ruiters het die hele aarde deurkruis,

- Maar hulle kon nêrens enige teken kry van volke wat hulle gereedmaak om hulle eer en heerlijkheid na die tempel van God toe te bring nie.

- Daar was ook geen teken van Jode wat hulle in Babel gereedgemaak het om na hulle land toe terug te gaan nie.
- Net so was daar ook geen teken van heidene wat hulle gereedmaak om saam met hierdie Jode terug te gaan nie – soos wat Haggai alles voorspel het.

Die teenoorgestelde was waar: die kerk het gesug onder 'n vreemde juk. Die Perse het in daardie stadium beheer oor die Jode gehad.

Alles was egter nie tevergeefs nie, want die Jode het 'n **Voorbidder by God** gehad. Die Engel van die Here staan voor die troon van God en Hy bid tot die Vader:

Daarop het die Engel van die HERE aangehef en gesê: HERE van die leërskaare, hoe lank nog bly U sonder ontferming oor Jerusalem en oor die stede van Juda waarop U alreeds sewentig jaar vertoorn was? (Sagaria 1:12 AFR53)

Here van die leërskaare, hoe lank bly U nog sonder ontferming? – die Here Jesus was toe al die Voorbidder by die Vader.

Dan antwoord die Vader met trooswoorde. Hy sê dat Hy sal ywer oor Jerusalem, en dat Hy vertoorn is op die nasies wat sy volk vertrap. Hy sê vir die Engel van die Here dat Hy moet roep en sê:

Daarom, so sê die HERE: Ek wend My met ontferming tot Jerusalem; my huis sal daarin gebou word, spreek die HERE van die leërskaare, en 'n meetsnoer oor Jerusalem gespan word. Roep verder en sê: So spreek die HERE van die leërskaare: My stede sal weer oorstroom wees van goeie dinge, en die HERE sal Sion weer vertroos, en Hy sal Jerusalem weer verkies. (Sagaria 1:16-17 AFR53)

Hierdie ongunstige verslag het dus die gevolg dat die Engel van die Here bid vir die kerk, en hierdie gebed het weer troos tot gevolg.

- Die saak van die kerk is ten volle die saak van Jesus Christus.
- Hy het nie verniet die doodsbenoudheid deurgegaan nie – Hy het juis gesterf vir sy kerk.
- Daarom verhoor die Vader dadelik sy gebed.

Hoe raak die ruiters se verslag oor die kerk ons en die tyd waarin ons lewe?:

- Word die kerk (ons lidmate!) in ons tyd weer gehoorsaam, of verdwaal die mense al hoe verder?
- Gee volke werklik die eer aan God?

Seker die heel belangrikste vraag is: Waar pas ons gemeente in?

- Doen ons byvoorbeeld werklik evangelisasie om daarmee seker te maak dat elke mens rondom ons God se Woord hoor sodat die bekering waarvan God praat, kan plaasvind?
- Leef ons eerlik na buite toe sodat ons mense met ons lewenstyl na God toe trek – of lyk en leef ons maar soos die wêreld?

Dit is so rustig in ons gemeente dat dit lyk asof baie van ons se geloof ook al gesterf het.

- Hier is 'n groep in die gemeente wat alles doen, maar die res vervaag as dit by gemeentelike meelewing kom.
- Dit lyk so asof daar heelwat lidmate op die boeke staan, maar wat nie deel in die

aanbidding nie.

- Daar is 'n taamlieke groot deel van ons gemeente wat maar so aan en af kerk toe kom, maar van voluit aanbidding saam met die gemeente in die samekomste is daar nie sprake nie.
- Dan het daardies die argument dat mens nie net die Here dien as jy kerk toe kom nie! *Is dit waar, want die Here self leer iets anders!*
- Die dankoffers van die gemiddelde lidmaat vertel ook glad nie dat ons almal iets het waarvoor ons God moet dank vir sy genade nie.
 - Die dankoffers skep die indruk dat 'n deel van hierdie gemeente armlastiges is.
- Op die punt van **stil en rustig** wees, deel ons gemeente waarskynlik in die verslag van die engele,
 - want ons is oor die algemeen baie versigtig om nie met 'n openlike en opregte lewe vir God aan ander mense aanstoot te gee nie;
 - ons is ook baie skrikkerig vir konfrontasie oor geloofsake – ons swyg liever as om in 'n argument betrokke te raak.

U moet nie dink dat die slegte magte stilsit nie.

- Hulle is te dankbaar wanneer ons niks doen nie, want dit gee hulle die geleentheid om oor ons heen te woeker.
- Dit gee hulle die geleentheid om ons in te sluk in die doodsheid van die hel in.
- Dit gee hulle die geleentheid om ons gewoonde te maak aan hulle dinge sodat ons dit mettertyd aanvaar en ook so word.

Die Engel van die Here se vraag is tydloos, want God bestaan tydloos. Hy vra vandag ook nog: **Hoe lank nog Here ...?**

Maar weet dit: Die Engel van die Here het tussen die naggestig van Sagaria en vandag sy werk voltooi.

- Hy het die doodstryd vir die kerk kom stry.
- Hy het met sy kruisdood en sy opstanding self die magte van die hel in beweging gebring,
 - want Hy het hulle verslaan,
 - *en hulle weet dat hulle nou vir ouslaas moet skade doen soveel as wat hulle kan,*
 - *want hulle tyd loop uit.*

As ons regtig in die Here Jesus glo, moet ons voluit in die stryd wees, want die koninkryk van God is op die punt om te kom.

- Daarom moet ons lewens en ons styl van lewe ook reg wees.

Dink daaraan: Jesus Christus bid as Oorwinnaar by die Vader. Hy bid as die Een wat beskikking het oor alles – lewe, dood en die hel.

U moet nie bang wees en dink dat ons alleen staan nie. Ons Voorbidder bid saam. Maar Hy bid nie meer “hoe lank nog...?” nie. Hy het klaar oorwin. Hy wag vir die oomblik dat Hy hierdie naggestig van Sagaria ten volle gaan vervul.

Ons lees in Openbaring dat daar in die hemel ook ongeduld is. Ons lees in Openbaring 6 ook van gekleurde perde en daarmee saam van siele wat onder die altaar in die hemel werk. Die siele onder die altaar bid ook: *Hoe lank nog, Here ...?*

En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie? (Openbaring 6:9-10 AFR53)

Die eindoordeel is nie meer ver nie. Dan gaan ons in die heerlijkheid van God in. In die hemel lyk die kerk nie soos wat die kerk op die aarde oor die algemeen lyk nie.

- In die hemel is dit nie stil nie, want die hemel weergalm elke oomblik van die koorsange van die engele.
- Na die wederkoms sal ons stemme in die hemel ook nog daarby kom.
 - Ons stemme is nou al by wanneer ons bid en God aanbid – al sing en aanbid ons op die aarde en die engele in die hemel.
- In die hemel gaan ons ook nie ledig rondlê nie.
 - Ons gaan elke oomblik werk – soos die engele dit nou doen.

Pas ook op vir die tyd waarin ons nou lewe.

- Die dood en die opstanding van die Here Jesus Christus werk onrus op die aarde.
- Die duiwel en sy magte weet dat hulle tyd min is, en daarom spits hulle hulle met alle geweld toe op die aarde – op die kerk en sy lidmate.
- Die duiwel gebruik in sy aanvalle veral twee dinge:
 - Die een is God se Woord.
 - Die ander een is die Persoon van die Here Jesus Christus wat Hy verdraai en vervals. (vergelyk hiervoor onder andere Markus 13).

Ons mag nie stil en rustig wees teenoor die aanvalle van die duiwel nie.

- Ons moet aktief wees en teen die Satan stry, veral soos hy hom in onself probeer vestig met ons eie sienings en waardes en beoordeling van sake.
- Ons moet so oortuig wees van ons saak dat ons kan veg en stry in en met die krag van die Here Jesus.
- As ons nie al daardie punt van bekering bereik het nie, is dit alles vir ons tevergeefs.
- Sorg dat die Here u kry waar u besig is om aan Hom eer te gee en die duiwel te beveg wanneer Hy kom.
- Mag die Here nooit hoor dat dit in ons gemeente stil en rustig gaan – dat ons in die sondedood ingesterf het nie.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 19:7 (p. 84)

7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 18 Maart 2012